35. (1) 'n Munisipaliteit moet 'n Munisipale Beplanningstribunaal instel, ten einde te beslis oor aansoeke oor grondgebruik en -ontwikkeling in sy munisipale gebied.

(2) Ondanks subartikel (1), kan 'n munisipaliteit magtig dat 'n beampte in diens van die munisipaliteit sekere grondgebruik- en grondontwikkelaarsaanvrae mag oorweeg en daarvoor mag beslis. 30

(3) 'n Munisipaliteit moet, ten einde grondgebruik en grondontwikkelaarsaanvrae binne sy munisipale gebied te bepaal, ontwikkelingsaanvrae kategoriseer volgens die wat deur 'n beampte oorweeg moet word en die wat na die Munisipale Beplanningstribunaal verwys moet word. 35

(4) Behoudens subartikel (3), waar 'n munisipale beampte ingevolge subartikel (2) gemagtig is om 'n grondgebruik- en grondontwikkelaarsaanvraag te oorweeg en daarvoor te beslis, is die bepalings van artikels 40(4), (5), (6), (7) en (9), 41, 42, 43, 44, 45, 46, 47, 48 en 51 van toepassing op sodanige beampte asof die verwysing na 'n Munisipale Beplanningstribunaal in sodanige bepalings na sodanige beampte verwys. 40

Samestelling van Munisipale Beplanningstribunale

36. (1) 'n Munisipale Beplanningstribunaal moet bestaan uit—

- (a) beamptes in die voltydse diens van die munisipaliteit; en
- (b) persone wat deur die Munisipale Raad aangestel is wat nie munisipale beamptes is nie en wat kennis en ervaring het van ruimtelike beplanning, grondgebruikbestuur en grondontwikkeling of die reg wat daarmee verband hou. 45

(2) Munisipale raadslede mag nie as lede van 'n Munisipale Beplanningstribunaal aangestel word nie.

- (3) A Municipal Planning Tribunal must consist of at least five members or more as the Municipal Council deems necessary.
- (4) The Municipal Council must designate—
- (a) a member of the Municipal Planning Tribunal as chairperson; and
 - (b) another member as deputy chairperson, to act as chairperson of the Municipal Planning Tribunal when the chairperson is absent or is unable to perform his or her duties. 5

Term of office of members of Municipal Planning Tribunals

37. (1) The term of office of members of a Municipal Planning Tribunal is five years or such shorter period as the Municipal Council may determine, provided that a member may not serve as a member for a continuous period of ten years. 10
- (2) The terms and conditions of service of members appointed in terms of section 36(1)(b) must be determined by the Municipal Council, in line with norms and standards published by the Minister.
- (3) Where a Municipal Council fails to appoint persons referred to in section 36(1)(b), the Premier of the province in which the municipality is situated may, after consultation with the Municipal Council and subject to section 139 of the Constitution, appoint such persons on behalf of the Municipal Council, and, where necessary, the Premier must determine the terms and conditions of that person's appointment. 15
- (4) Upon the first appointment of members to a Municipal Planning Tribunal and when the Municipal Council is satisfied that the tribunal is in a position to commence its operations, the municipal manager must publish a notice to that effect in the *Provincial Gazette*. 20
- (5) A Municipal Planning Tribunal may only commence its operations as contemplated in this Act or the applicable provincial legislation after publication of the notice contemplated in subsection (4). 25

Disqualification from membership of Municipal Planning Tribunals

38. (1) A person may not be appointed or continue to serve as a member of a Municipal Planning Tribunal if that person—
- (a) is not a citizen or permanent resident of the Republic of South Africa; 30
 - (b) is a member of Parliament, a provincial legislature, a Municipal Council or a House of Traditional Leaders;
 - (c) is an unrehabilitated insolvent;
 - (d) has been declared by a court of law to be mentally incompetent or has been detained under the Mental Health Care Act, 2002 (Act No. 17 of 2002); 35
 - (e) has at any time been convicted of an offence involving dishonesty;
 - (f) has at any time been removed from an office of trust on account of misconduct;
 - (g) has previously been removed from a tribunal for a breach of any provision of this Act or provincial legislation enacted in terms of this Act; 40
 - (h) has been found guilty of misconduct, incapacity or incompetence; or
 - (i) fails to comply with the provisions of this Act or any provincial legislation.
- (2) A member must vacate office if that member becomes subject to a disqualification as contemplated in subsection (1).
- (3) A member of a Municipal Planning Tribunal— 45
- (a) must make full disclosure of any conflict of interest, including any potential conflict; and
 - (b) may not attend, participate or vote in any proceedings of the tribunal in relation to any matter in respect of which the member has a conflict of interest.
- (4) For the purposes of this section, a member has a conflict of interest if— 50
- (a) the member, a family member, partner or business associate of the member is the applicant or has a pecuniary or other interest in the matter before a planning tribunal;
 - (b) the member has any other interest that may preclude or may reasonably be perceived as precluding the member from performing the functions of the member in a fair, unbiased and proper manner; 55

(3) 'n Munisipale Beplanningstribunaal moet uit ten minste vyf of meer lede bestaan, soos die Munisipale Raad nodig ag.

(4) Die Munisipale Raad moet—

- (a) 'n lid van die Munisipale Beplanningstribunaal as voorsitter aanwys; en
- (b) nog 'n lid as ondervoorsitter aanwys, om as voorsitter van die Munisipale Beplanningsraad waar te neem wanneer die voorsitter afwesig is of nie sy of haar pligte kan uitvoer nie.

Ampstermyn van lede van Munisipale Beplanningstribunale

37. (1) Die ampstermyn van lede van 'n Munisipale Beplanningstribunaal is vyf jaar of sodanige korter tydperk wat die Munisipale Raad kan bepaal, met dien verstande dat 'n lid vir 'n aaneenlopende tydperk van tien jaar nie as 'n lid mag dien nie.

(2) Die bedinge en voorwaardes van diens van lede ingevolge artikel 36 aangestel moet deur die Munisipale Raad vasgestel word, in ooreenstemming met norme en standaarde deur die Minister gepubliseer.

(3) Waar 'n Munisipale Raad versuim om persone in artikel 36(1)(b) bedoel aan te stel, kan die Premier van die provinsie waar die munisipaliteit geleë is, na oorleg met die Munisipale Raad en behoudens artikel 139 van die Grondwet, sodanige persone namens die Munisipale Raad aanstel, en waar nodig, moet die Premier die bedinge en voorwaardes van daardie persoon se aanstelling bepaal.

(4) By die eerste aanstelling van lede tot 'n munisipale beplanningstribunaal en wanneer die Munisipale Raad tevrede is dat die tribunaal in 'n posisie is om sy werksaamhede te begin, moet die munisipale bestuur 'n kennisgewing te dien effekte in die *Provinsiale Koerant* publiseer.

(5) 'n Munisipale Beplanningstribunaal kan slegs sy werksaamhede begin soos in hierdie Wet of die toepaslike provinsiale wetgewing beoog na publikasie van die kennisgewing in subartikel (4) beoog.

Diskwalifikasie van lidmaatskap van Munisipale Beplanningstribunale

38. (1) 'n Persoon mag nie aangestel word of voortgaan om te dien as 'n lid van 'n Munisipale Beplanningsraad nie indien daardie persoon—

- (a) nie 'n burger of permanente inwoner van die Republiek van Suid-Afrika is nie;
- (b) 'n lid van die Parlement, 'n provinsiale wetgewer, 'n Munisipale Raad of 'n Huis van Tradisionele Leiers is;
- (c) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;
- (d) deur 'n geregshof as geestelik onbevoeg verklaar is of kragtens die "Mental Health Care Act, 2002" (Wet No. 17 van 2002), aangehou is;
- (e) te eniger tyd aan 'n misdryf wat oneerlikheid behels, skuldig bevind is;
- (f) te eniger tyd weens wangedrag uit 'n vertrouensamp verwyder is;
- (g) voorheen uit 'n tribunaal verwyder is vir 'n oortreding van enige bepaling van hierdie Wet of provinsiale wetgewing wat ingevolge hierdie Wet verorden is;
- (h) aan wangedrag, ongeskiktheid of onbevoegdheid skuldig bevind is; of
- (i) versuim om aan die bepalings van hierdie Wet of enige provinsiale wetgewing te voldoen.

(2) 'n Lid moet 'n amp ontruim indien daardie lid onderhewig word aan 'n diskwalifikasie soos in subartikel (1) beoog.

(3) 'n Lid van 'n Munisipale Beplanningstribunaal—

- (a) moet enige botsing van belange, met inbegrip van enige potensiële botsing, ten volle verklaar; en
- (b) mag nie enige verrigtinge van die tribunaal in verband met enige aangeleentheid ten opsigte waarvan die lid 'n botsing van belange het, bywoon, daaraan deelneem of daarvoor stem nie.

(4) By die toepassing van hierdie artikel, het 'n lid 'n botsing van belange indien—

- (a) die lid, 'n familielid, vennoot of sakevennoot van die lid die aansoeker is of 'n geldelike of ander belang in die aangeleentheid voor 'n beplanningstribunaal het;
- (b) die lid enige ander belang het wat die lid daarvan kan verhinder of redelikerwys waargeneem word as dat dit die lid daarvan verhinder om die werksaamhede van die lid op 'n regverdige, onbevooroordeelde en deeglike manier te verrig;

- (c) the member is an official in the employ of national, provincial or local government, if the department by which such an official is employed, has a direct or substantial interest in the outcome of the matter.
- (5) The Municipal Council may at any time remove any member of an applicable Municipal Planning Tribunal from office— 5
 - (a) if, there are reasonable grounds justifying the removal; or
 - (b) where a member has been disqualified in terms of subsection (1), after giving such a member an opportunity to be heard.
- (6) If a member's appointment is terminated or the member resigns, the Municipal Council may appoint a person to fill the vacancy for the unexpired portion of the vacating member's term of office, in accordance with subsection (1). 10

Technical and other advisers

- 39.** (1) A Municipal Planning Tribunal, an executive authority of a municipality as the appeal authority, and the Minister acting in terms of section 52 may, in the performance of duties, co-opt, appoint or employ the services of technical or other advisers. 15
- (2) An adviser contemplated in subsection (1) is not a member of, and has no voting rights in meetings of, the Municipal Planning Tribunal.
- (3) An adviser who is not a public service official or in the employ of a municipality, may be remunerated in accordance with applicable treasury regulations by the relevant authority that made the appointment. 20

Part C

Processes of Municipal Planning Tribunals

Determination of matters before Municipal Planning Tribunals

- 40.** (1) A Municipal Planning Tribunal may designate at least three members of the Tribunal to hear, consider and decide a matter which comes before it. 25
- (2) The persons designated in terms of subsection (1) must include at least one member who is not a municipal official.
- (3) The chairperson must designate one of the members referred to in subsection (1) to be the presiding officer.
- (4) A Municipal Planning Tribunal must consider and determine all applications lawfully referred or submitted to it. 30
- (5) A Municipal Planning Tribunal must keep a record of all its proceedings.
- (6) A Municipal Planning Tribunal must provide reasons for any decision made by it.
- (7) A Municipal Planning Tribunal may—
 - (a) approve, in whole or in part, or refuse any application referred to it in accordance with this Act; 35
 - (b) in the approval of any application, impose any reasonable conditions, including conditions related to the provision of engineering services and the payment of any development charges;
 - (c) make an appropriate determination regarding all matters necessary or incidental to the performance of its functions in terms of this Act and provincial legislation; 40
 - (d) conduct any necessary investigation;
 - (e) give directions relevant to its functions to any person in the service of a municipality or municipal entity; 45
 - (f) decide any question concerning its own jurisdiction; or
 - (g) appoint a technical adviser to advise or assist in the performance of the Municipal Planning Tribunal's functions in terms of this Act.
- (8) A decision of a majority of members of the Municipal Planning Tribunal, is a decision of the Municipal Planning Tribunal, and in the event of an equality of votes the presiding officer has a deciding vote. 50
- (9) A Municipal Planning Tribunal must decide a land use application without undue delay and within a prescribed period.

- (c) die lid 'n beampte in diens van nasionale, provinsiale of plaaslike regering is, indien die departement in wie se diens die beampte is, 'n regstreekse of onregstreekse belang by die uitkoms van die aangeleentheid het.
- (5) Die Munisipale Raad kan te eniger tyd enige lid van 'n toepaslike Munisipale Beplanningstribunaal uit sy of haar amp verwyder— 5
- (a) indien daar redelike gronde is wat die verwydering regverdig; of
- (b) waar 'n lid ingevolge subartikel (1) onbevoeg is, na sodanige lid 'n geleentheid gegun is om aangehoor te word.
- (6) Indien 'n lid se diens beëindig word of die lid bedank, kan die Munisipale Raad 'n persoon aanstel om die vakature te vul vir die onverstreke gedeelte van die uitgaande lid se ampstermyn, ooreenkomstig subartikel (1). 10

Tegniese en ander adviseurs

- 39.** (1) 'n Munisipale Beplanningstribunaal, 'n uitvoerende owerheid van 'n munisipaliteit as die appèlowerheid, beplanningstribunaal en die Minister wat ingevolge artikel 52 optree kan, by die verrigting van pligte, die dienste van tegniese of ander adviseurs koöpteer, aanstel of gebruik. 15
- (2) 'n Adviseur in subartikel (1) beoog is nie 'n lid van nie, en het geen stemreg nie in vergaderings van, die Munisipale Beplanningstribunaal.
- (3) 'n Adviseur wat nie 'n staatsampenaar is nie of in diens van 'n munisipaliteit is nie, kan ooreenkomstig toepaslike skatkisregulasies deur die gepaste owerheid wat die aanstelling gemaak het, vergoed word. 20

Deel C

Prosesse van Munisipale Beplanningstribunale

Beslissing van aangeleenthede voor Munisipale Beplanningstribunale

- 40.** (1) 'n Munisipale Beplanningstribunaal kan ten minste drie lede van die Tribunaal aanwys om 'n aangeleentheid voor die Tribunaal aan te hoor, te oorweeg en daaroor te beslis. 25
- (2) Die persone ingevolge subartikel (1) aangewys moet ten minste een lid insluit wat nie 'n munisipale beampte is nie.
- (3) Die voorsitter moet een van die lede in subartikel (1) bedoel as voorsittende beampte aanwys. 30
- (4) 'n Munisipale Beplanningstribunaal moet alle aansoeke wat wettig daarheen verwys is of daaraan voorgelê is, oorweeg en daaroor beslis.
- (5) 'n Munisipale Beplanningstribunaal moet 'n rekord van al sy verrigtinge hou.
- (6) 'n Munisipale Beplanningstribunaal moet redes vir enige beslissing deur die Tribunaal geneem, verskaf. 35
- (7) 'n Munisipale Beplanningstribunaal kan—
- (a) enige aansoek ooreenkomstig hierdie Wet na hom verwys, in die geheel of gedeeltelik weier of goedkeur;
- (b) by die goedkeuring van enige aansoek, enige redelike voorwaardes oplê, met inbegrip van voorwaardes oor die voorsiening van ingenieursdienste en die betaling van enige ontwikkelingsfooie; 40
- (c) 'n gepaste bepaling maak betreffende alle aangeleenthede nodig of insidenteel tot die verrigting van sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet en provinsiale wetgewing; 45
- (d) enige nodige ondersoek doen;
- (e) aanwysings van toepassing op sy werksaamhede aan enige persoon in diens van 'n munisipaliteit of munisipale entiteit gee;
- (f) beslis oor enige vraagstuk betreffende sy eie jurisdiksie; of
- (g) 'n tegniese adviseur aanstel om raad of bystand te verleen in die verrigting van die Munisipale Beplanningstribunaal se werksaamhede ingevolge hierdie Wet. 50
- (8) 'n Beslissing van 'n meerderheid van lede van die Munisipale Beplanningstribunaal, is 'n beslissing van die Munisipale Beplanningstribunaal, en in die geval van 'n staking van stemme, het die voorsittende beampte 'n beslissende stem. 55
- (9) 'n Munisipale Beplanningstribunaal moet sonder onbehoorlike vertraging en binne 'n voorgeskrewe tydperk oor 'n grondgebruiksaansoek beslis.

Change with approval of Municipal Planning Tribunal

41. (1) The Municipal Planning Tribunal, upon application in the prescribed manner, may—
- (a) change the use, form or function of land; or
 - (b) remove, amend or suspend a restrictive condition. 5
- (2) An application contemplated in subsection (1) includes an application for—
- (a) township establishment;
 - (b) the subdivision of land;
 - (c) the consolidation of different pieces of land;
 - (d) the amendment of a land use or town planning scheme, except any change affecting the scheme regulations in terms of section 25(2)(a); or 10
 - (e) the removal, amendment or suspension of a restrictive condition.

Deciding an application

42. (1) In considering and deciding an application a Municipal Planning Tribunal must— 15
- (a) be guided by the development principles set out in Chapter 2;
 - (b) make a decision which is consistent with norms and standards, measures designed to protect and promote the sustainable use of agricultural land, national and provincial government policies and the municipal spatial development framework; and 20
 - (c) take into account—
 - (i) the public interest;
 - (ii) the constitutional transformation imperatives and the related duties of the State;
 - (iii) the facts and circumstances relevant to the application; 25
 - (iv) the respective rights and obligations of all those affected;
 - (v) the state and impact of engineering services, social infrastructure and open space requirements; and
 - (vi) any factors that may be prescribed, including timeframes for making decisions. 30
- (2) When considering an application affecting the environment, a Municipal Planning Tribunal must ensure compliance with environmental legislation.
- (3) An application may be approved in whole or in part, or rejected.

Conditional approval of application

43. (1) An application may be approved subject to such conditions as— 35
- (a) are determined by the Municipal Planning Tribunal; or
 - (b) may be prescribed.
- (2) A conditional approval of an application lapses if a condition is not complied with, within—
- (a) a period of five years from the date of such approval, if no period for compliance is specified in such approval; or 40
 - (b) the period for compliance specified in such approval, which, together with any extension which may be granted, may not exceed five years.

Timeframes for applications

44. (1) The Minister must, after public consultation, prescribe timeframes for the consideration and determination of an application before a Municipal Planning Tribunal. 45
- (2) A Municipal Planning Tribunal must consider, hear and determine a land development application within a timeframe prescribed by the Minister in terms of subsection (1). 50
- (3) Regulations relating to timeframes may—
- (a) apply differently to Municipal Planning Tribunals; or
 - (b) differentiate types of land development applications to which different timeframes apply.

Verandering met goedkeuring van Munisipale Beplanningstribunaal

41. (1) Die Munisipale Beplanningstribunaal, by aansoek op die voorgeskrewe wyse, kan—
- (a) die gebruik, vorm of funksie van grond verander; of
 - (b) 'n beperkende voorwaarde verwyder, wysig of opskort. 5
- (2) 'n Aansoek in subartikel (1) beoog sluit in 'n aansoek om—
- (a) dorpsgebiedinstelling;
 - (b) die onderverdeling van grond;
 - (c) die konsolidasie van verskillende stukke grond;
 - (d) die wysiging van 'n grondgebruik- of dorpsbeplanningskema, buiten enige 10
verandering wat die skemaregulasies ingevolge artikel 25(2)(a) raak; of
 - (e) die verwydering, wysiging of opskorting van 'n beperkende voorwaarde.

Beslissing oor aansoek

42. (1) By die oorweging en beslissing van 'n aansoek moet 'n Munisipale Beplanningstribunaal— 15
- (a) deur die ontwikkelingsbeginsels in Hoofstuk 2 uiteengesit, gelei word;
 - (b) 'n beslissing maak wat bestaanbaar is met norme en standaarde, maatreëls ontwerp om die volhoubare gebruik van landbougrond, nasionale en provinsiale regeringsbeleid en die munisipale ruimtelike ontwikkelings- 20
raamwerk is; en
 - (c) in ag neem—
 - (i) die openbare belang;
 - (ii) die grondwetlike transformasie-opdragte en die verwante pligte van die staat;
 - (iii) die feite en omstandighede relevant tot die aansoek; 25
 - (iv) die onderskeie regte en verpligtinge van diegene wat geraak is;
 - (v) die toestand en invloed van ingenieursdienste, maatskaplike infrastruktuur en vereistes vir oop spasies; en
 - (vi) enige faktore wat voorgeskryf kan word, met inbegrip van tydraamwerke vir maak van beslissings. 30
- (2) Wanneer 'n aansoek oorweeg word wat 'n invloed op die omgewing sal hê, moet 'n Munisipale Beplanningstribunaal voldoening met omgewingswetgewing verseker.
- (3) 'n Aansoek kan as 'n geheel of gedeeltelik goedgekeur word, of geweier word.

Voorwaardelike goedkeuring van aansoek

43. (1) 'n Aansoek kan goedgekeur word behoudens sodanige voorwaardes soos— 35
- (a) vasgestel deur die Munisipale Beplanningstribunaal; of
 - (b) voorgeskryf kan word.
- (2) 'n Voorwaardelike goedkeuring van 'n aansoek verval indien 'n voorwaarde nie aan voldoen word nie, binne—
- (a) 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum van sodanige goedkeuring, indien 40
geen tydperk vir voldoening in sodanige goedkeuring gespesifiseer word nie; of
 - (b) die tydperk vir voldoening in sodanige goedkeuring gespesifiseer, wat, tesame met enige verlenging wat toegestaan mag word, nie vyf jaar mag oorskry nie.

Tydraamwerke vir aansoeke 45

44. (1) Die Minister moet, na openbare oorlegpleging, tydraamwerke voorskryf vir oorweging en beslissing oor 'n aansoek voor 'n Munisipale Beplanningstribunaal.
- (2) 'n Munisipale Beplanningstribunaal moet 'n grondontwikkelingsaansoek oorweeg, aanhoor en bepaal binne 'n tydraamwerk ingevolge subartikel (1) deur die Minister voorgeskryf. 50
- (3) Regulasies wat met tydraamwerke verband hou mag—
- (a) verskillend op die Munisipale Beplanningstribunale van toepassing wees;
 - (b) onderskeid tref tussen tipes grondontwikkelingsaansoeke waarop verskillende tydraamwerke van toepassing is.

Parties to land development applications

45. (1) A land development application may only be submitted by—
- (a) an owner, including the State, of the land concerned;
 - (b) a person acting as the duly authorised agent of the owner;
 - (c) a person to whom the land concerned has been made available for development in writing by an organ of state or such person's duly authorised agent; or
 - (d) a service provider responsible for the provision of infrastructure, utilities or other related services.
- (2) An interested person may petition to intervene in an existing application before a Municipal Planning Tribunal or an appeal authority and if granted intervener status, the interested person may be allowed to participate in such proceeding in the manner prescribed by the Minister or in provincial legislation.
- (3) A person claiming to be an interested person in a land development application or an appeal has the burden of establishing his or her status as an interested person.
- (4) In the event that a question arises as to whether a person is an interested person in a land development application or an appeal, the Municipal Planning Tribunal or appeal authority concerned may make a determination as to whether such person qualifies as an interested person.
- (5) If an interested person has not demonstrated an interest in all of the issues presented in a particular land development application or an appeal, the Municipal Planning Tribunal or appeal authority may limit the interested person's participation to only those issues in which an interest has been established.
- (6) Where a condition of title, a condition of establishment of a township or an existing scheme provides for a purpose with the consent or approval of the administrator, a Premier, the townships board or any controlling authority, such consent may be granted by the municipality and such reference to the administrator, a Premier, the townships board or controlling authority is deemed to be a reference to the municipality.
- (7) For the purposes of this section, "service provider" includes a person or institution that performs a function which affects the use, form or function of land.

Notification to Surveyor-General and Registrar of Deeds

46. (1) A Municipal Planning Tribunal must, within the prescribed period after a land use decision affecting the use of land not in accordance with a condition in a title deed, notify the—
- (a) Registrar of Deeds in whose office the deed or document is filed of such approval; and
 - (b) office of the Surveyor-General, where such approval affects a diagram or general plan filed in that office.
- (2) Upon receipt of the notification, the Registrar of Deeds or the Surveyor-General must endorse the affected records to give effect to such decision.

Restrictive conditions

47. (1) A restrictive condition may, with the approval of a Municipal Planning Tribunal and in the prescribed manner, be removed, amended or suspended.
- (2) A removal, amendment or suspension of a restrictive condition contemplated in subsection (1) must, in the absence of the contemplated written consent, be effected—
- (a) in accordance with section 25 of the Constitution and this Act;
 - (b) with due regard to the respective rights of all those affected, and to the public interest; and
 - (c) in the prescribed manner.
- if such removal, amendment or suspension will deprive any person of property as contemplated in section 25 of the Constitution.

Partye tot grondontwikkelingsaansoeke

45. (1) 'n Grondontwikkelingsaansoek mag slegs voorgelê word deur—
- (a) 'n eienaar, met inbegrip van die Staat, van die betrokke grond;
 - (b) iemand wat as die behoorlik gemagtigde agent van die eienaar optree;
 - (c) iemand aan wie die betrokke grond skriftelik beskikbaar gestel is vir ontwikkeling deur 'n staatsorgaan of sodanige persoon se behoorlik gemagtigde agent; of
 - (d) 'n diensverskaffer verantwoordelik vir die voorsiening van infrastruktuur, geriewe of ander verwante dienste.
- (2) 'n Belanghebbende persoon kan by wyse van petisie aansoek doen om toe te tree tot 'n bestaande aansoek voor 'n Munisipale Beplanningstribunaal of 'n appèlowerheid en indien toetredersstatus toegestaan word, kan die belanghebbende persoon toegelaat word om aan sodanige verrigtinge deel te neem op die wyse deur die Minister of in provinsiale wetgewing voorgeskryf.
- (3) 'n Persoon wat beweer dat hy of sy 'n belanghebbende persoon in 'n grondontwikkelingsaansoek of 'n appèl is, het die onus om sy of haar status as 'n belangstellende persoon te bevestig.
- (4) Indien 'n vraag ontstaan oor of 'n persoon 'n belanghebbende persoon in 'n grondontwikkelingsaansoek of 'n appèl is, kan die betrokke Munisipale Beplanningstribunaal of appèlowerheid bepaal of sodanige persoon as 'n belanghebbende persoon kwalifiseer, al dan nie.
- (5) Indien 'n belanghebbende persoon nie 'n belang in al die kwessies voorgelê in 'n bepaalde grondontwikkelingsaansoek of appèl gedemonstreer het nie, kan die Munisipale Beplanningstribunaal of appèlowerheid die belanghebbende persoon se deelname beperk tot slegs dié aangeleenthede waarin 'n belang gestaaf is.
- (6) Waar 'n titelvoorwaarde, 'n dorpsstigtingsvoorwaarde of 'n bestaande skema voorsiening maak vir 'n oogmerk met die instemming of goedkeuring van die administrateur, 'n Premier, die dorperaad of enige beherende owerheid, kan sodanige instemming deur die munisipaliteit toegestaan word en sodanige verwysing na die administrateur, 'n Premier, die dorperaad of beherende owerheid geag word 'n verwysing na die munisipaliteit te wees.
- (7) By die toepassing van hierdie artikel, sluit “diensverskaffer” 'n persoon of instelling in wat 'n funksie verrig wat die gebruik, vorm of funksie van grond raak.

Kennisgewing aan Landmeter-generaal en Registrateur van Aktes

46. (1) 'n Munisipale Beplanningstribunaal moet, binne die voorgeskrewe tydperk nadat 'n grondgebruikbeslissing wat die gebruik van grond raak wat nie ooreenkomstig 'n voorwaarde in 'n titelakte is nie, die—
- (a) Registrateur van Aktes in wie se kantoor die akte of dokument ingedien is van sodanige goedkeuring; en
 - (b) kantoor van die Landmeter-generaal, waar sodanige goedkeuring 'n diagram of algemene plan in daardie kantoor geliasseer raak,
- in kennis stel.
- (2) By ontvangs van die kennisgewing, moet die Registrateur van Aktes of Landmeter-generaal die geraakte rekords endosseer om gevolg aan sodanige beslissing te gee.

Beperkende voorwaardes

47. (1) 'n Beperkende voorwaarde kan, met die goedkeuring van 'n Munisipale Beplanningstribunaal en op die voorgeskrewe wyse, verwyder, gewysig of opgeskort word.
- (2) 'n Verwydering, wysiging of opskorting van 'n beperkende voorwaarde in subartikel (1) beoog moet, in die afwesigheid van die beoogde skriftelike instemming, in werking gestel word—
- (a) ooreenkomstig artikel 25 van die Grondwet en hierdie Wet;
 - (b) met behoorlike inagneming van die onderskeie regte van alle geraakte partye, en van die openbare belang; en
 - (c) op die voorgeskrewe wyse,
- indien sodanige verwydering, wysiging of opskorting enige persoon van eiendom sal ontnem soos in artikel 25 van die Grondwet beoog.

(3) A Municipal Planning Tribunal considering an application to remove, amend or suspend a restrictive condition is not liable to compensate any person for any loss arising from or related to a decision made in good faith and in terms of this Act to remove, amend or suspend a restrictive condition.

(4) Notice of an application to remove, amend or suspend a restrictive condition which operates for the benefit of the State must be in writing and given in the prescribed manner to the organ of state which is responsible for the administration of the law or the performance of the function to which such condition relates. 5

(5) An applicant at whose instance a restrictive condition is removed, amended or suspended in terms of this Act, must, within the prescribed period and in the prescribed manner, apply to the Registrar of Deeds concerned for the appropriate recording of such removal, amendment or suspension, and the Registrar of Deeds must in the prescribed manner record such removal, amendment or suspension. 10

Investigations authorised by Municipal Planning Tribunal

48. (1) A Municipal Planning Tribunal or its designate may conduct an investigation into any matter relevant to an application being considered by that Municipal Planning Tribunal. 15

(2) The Municipal Council may, at the request of a Municipal Planning Tribunal, designate a municipal official or appoint any other person in terms of section 32(3) as an inspector to conduct an inspection required by the Municipal Planning Tribunal. 20

Provision of engineering services

49. (1) An applicant is responsible for the provision and installation of internal engineering services.

(2) A municipality is responsible for the provision of external engineering services.

(3) Where a municipality is not the provider of an engineering service, the applicant must satisfy the municipality that adequate arrangements have been made with the relevant service provider for the provision of that service. 25

(4) An applicant may, in agreement with the municipality or service provider, install any external engineering service instead of payment of the applicable development charges, and the fair and reasonable cost of such external services may be set off against development charges payable. 30

(5) If external engineering services are installed by an applicant instead of payment of development charges, the provision of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act No. 56 of 2003), pertaining to procurement and the appointment of contractors on behalf of the municipality does not apply. 35

Land for parks, open space and other uses

50. (1) The approval of a development application which provides for the use of land for residential purposes is subject to the provision of land for parks or open space by the applicant.

(2) The land required for parks or open space must be provided within the land area to which the development application refers or may be provided elsewhere within the municipal area, at the discretion of the municipality. 40

Part D

Related Land Development Matters

Internal appeals

45

51. (1) A person whose rights are affected by a decision taken by a Municipal Planning Tribunal may appeal against that decision by giving written notice of the appeal and reasons to the municipal manager within 21 days of the date of notification of the decision.

(3) 'n Munisipale Beplanningstribunaal wat 'n aansoek oorweeg om 'n beperkende voorwaarde te verwyder, te wysig of op te skort is nie aanspreeklik om enige persoon te vergoed vir enige verlies wat ontstaan uit of wat betrekking het op 'n beslissing wat ter goeder trou en ingevolge hierdie Wet gemaak is nie om 'n beperkende voorwaarde te verwyder, te wysig of op te skort. 5

(4) Kennis van 'n aansoek om 'n beperkende voorwaarde wat ten bate van die Staat in plek is te verwyder, te wysig of op te skort moet skriftelik wees en op die voorgeskrewe wyse aan die staatsorgaan verantwoordelik vir die administrasie van die wet of die verrigting van die werkzaamheid waarop sodanige toestand van toepassing is, gegee word. 10

(5) 'n Aansoeker op wie se aandrang 'n beperkende voorwaarde ingevolge hierdie Wet verwyder, gewysig of opgeskort word moet, binne die voorgeskrewe tydperk en op die voorgeskrewe wyse, by die betrokke Registrateur van Aktes aansoek doen om die gepaste aantekening van sodanige verwydering, wysiging of opskorting en die Registrasie van Aktes moet op die voorgeskrewe wyse sodanige verwydering, wysiging of opskorting aanteken. 15

Ondersoeke gemagtig deur Munisipale Beplanningstribunaal

48. (1) 'n Munisipale Beplanningstribunaal of sy aangewesene kan 'n ondersoek doen na enige aangeleentheid van toepassing op 'n aansoek wat deur daardie Munisipale Beplanningstribunaal oorweeg word. 20

(2) Die Munisipale Raad kan, op versoek van 'n Munisipale Beplanningstribunaal, 'n munisipale beampte aanwys of iemand anders ingevolge artikel 32(3) aanstel as 'n inspekteur om 'n inspeksie deur die Munisipale Beplanningstribunaal vereis, te doen.

Voorsiening van ingenieursdienste

49. (1) 'n Aansoeker is verantwoordelik vir die voorsiening en installering van interne ingenieursdienste. 25

(2) 'n Munisipaliteit is verantwoordelik vir die voorsiening van eksterne ingenieursdienste.

(3) Waar 'n munisipaliteit nie die voorsiener van 'n ingenieursdiens is nie, moet die aansoeker die munisipaliteit tevrede stel dat voldoende reëlins met die toepaslike diensverskaffer getref is vir die voorsiening van daardie diens. 30

(4) 'n Aansoeker kan, in ooreenstemming met die munisipaliteit of diensverskaffer, enige eksterne ingenieursdiens installeer in stede van betaling van die toepaslike ontwikkelingsheffings, en die regverdige en redelike koste van sodanige eksterne dienste kan teenoor betaalbare ontwikkelingsheffings verreken word. 35

(5) Indien eksterne ingenieursdienste deur 'n aansoeker geïnstalleer word in stede van betaling van ontwikkelingsheffings, is die bepaling van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003), in verband met verkryging en die aanstelling van kontrakteurs namens die munisipaliteit, nie van toepassing nie.

Grond vir parke, oop spasie en ander gebruike 40

50. (1) Die goedkeuring van 'n ontwikkelingsaansoek wat voorsiening maak vir die gebruik van grond vir residensiële doeleindes is onderhewig aan die voorsiening van grond vir parke of oop spasie deur die aansoeker.

(2) Die grond benodig vir parke of oop spasie moet binne die stuk grond waarna die ontwikkelingsaansoek verwys voorsien word of kan elders binne die munisipale gebied voorsien word, op diskresie van die munisipaliteit. 45

Deel D

Verwante grondontwikkelingsaangeleenthede

Interne appèlle

51. (1) 'n Persoon wie se regte deur 'n beslissing deur 'n Munisipale Beplanningstribunaal geneem geraak word, kan teen daardie beslissing appèl aanteken deur skriftelik kennis van die appèl en redes aan die munisipale bestuurder te gee binne 21 dae van die datum van kennis van die beslissing. 50

- (2) The municipal manager must within a prescribed period submit the appeal to the executive authority of the municipality as the appeal authority.
- (3) The appeal authority must consider the appeal and confirm, vary or revoke the decision.
- (4) A person whose rights are affected within the provisions of subsection (1) includes— 5
- (a) an applicant contemplated in section 45(1);
 - (b) the municipality where the land affected by the application is located;
 - (c) an interested person who may reasonably be expected to be affected by the outcome of the land development application proceedings. 10
- (5) An interested person for the purpose of subsection (4)(c) must be a person having a pecuniary or proprietary interest who is adversely affected or able to demonstrate that she or he will be adversely affected by the decision of the planning tribunal or an appeal in respect of such a decision.
- (6) A municipality may, in the place of its executive authority, authorise that a body or institution outside of the municipality or in a manner regulated in terms of a provincial legislation, assume the obligations of an appeal authority in terms of this section. 15
- (7) No appeal in respect of a decision taken in terms of or pursuant to this Act may be lodged in terms of section 62 of the Municipal Systems Act. 20

Development application affecting national interest

- 52.** (1) Subject to the Promotion of Administrative Justice Act, 2000 (Act No. 3 of 2000), a land development application must be referred to the Minister where such an application materially impacts on—
- (a) matters within the exclusive functional area of the national sphere in terms of the Constitution; 25
 - (b) strategic national policy objectives, principles or priorities, including food security, international relations and co-operation, defence and economic unity; or
 - (c) land use for a purpose which falls within the functional area of the national sphere of government. 30
- (2) A land development application must be referred to the Minister where the outcome of the application—
- (a) may be prejudicial to the economic, health or security interests of one or more provinces or the Republic as a whole; or 35
 - (b) may impede the effective performance of the functions by one or more municipalities or provinces relating to matters within their functional area of legislative competence.
- (3) Where an applicant believes that his or her application is likely to affect the national interest, he or she must submit a copy of that application to the Minister. 40
- (4) Despite subsection (1) or (2), if an application that affects the national interest is lodged with a Municipal Planning Tribunal, such tribunal must inform the Minister and provide him or her with a copy thereof.
- (5) The Minister, within 21 days of receipt of an application referred to him or her in terms of any of subsections (2), (3) or (4) and within a reasonable period after becoming aware of a land development application that affects the national interest— 45
- (a) may join as a party in such application; or
 - (b) may direct that such application be referred to him or her to decide.
- (6) The Minister must, before the exercise of a power or the performance of a function contemplated in this section and after public consultation, prescribe a set of criteria to guide the implementation of this section, including— 50
- (a) the types, scale and nature of land development applications that affect the national interest; and
 - (b) measures to guide Municipal Planning Tribunals, municipalities and parties to land development applications in determining applications which are regulated in terms of this section. 55
- (7) Nothing in this section authorises the lodgement or referral of an application for land use or land development to the Minister without such application having first been lodged and considered by the relevant municipality in terms of section 33(1).

(2) Die munisipale bestuurder moet die appèl binne 'n voorgeskrewe tydperk aan die uitvoerende owerheid van die munisipaliteit as die appèlowerheid, voorlê.

(3) Die appèlowerheid moet die appèl oorweeg en die beslissing bevestig, varieer of terugtrek.

(4) Iemand wie se regte binne die bepalings van subartikel (1) geraak word sluit in— 5

- (a) 'n aansoeker in artikel 45(1) beoog;
- (b) die munisipaliteit waar die grond deur die aansoek geraak geleë is;
- (c) 'n belanghebbende persoon wat na redelike verwagting deur die uitkoms van grondontwikkelingsaansoekverrigtinge geraak kan word.

(5) 'n Belanghebbende persoon vir die doeleindes van subartikel (4)(c) moet 'n 10 persoon met 'n geldelike of eienaarsbelang wees wat nadelig geraak word, of kan demonstreer dat sy of hy nadelig geraak sal word, deur die beslissing van die beplanningstribunaal of 'n appèl ten opsigte van sodanige beslissing.

(6) 'n Munisipaliteit kan, in die plek van sy uitvoerende owerheid, magtig dat 'n 15 liggaam of instelling buite die munisipaliteit of op 'n wyse gereël ingevolge provinsiale wetgewing, die verpligtings opneem van 'n appèlowerheid ingevolge hierdie artikel.

(7) Geen appèl ten opsigte van 'n beslissing ingevolge van of in navolging van hierdie 20 Wet geneem, kan ingevolge artikel 62 van die Munisipale Stelselwet aangeteken word nie.

Ontwikkelingsaansoek wat landsbelang raak

20

52. (1) Behoudens die “Promotion of Administrative Justice Act, 2000” (Wet No. 3 25 van 2000), moet 'n grondontwikkelingsaansoek na die Minister verwys word waar sodanige aansoek 'n wesenlike invloed het op—

- (a) aangeleenthede binne die uitsluitlike funksionele gebied van die nasionale 25 sfeer ingevolge die Grondwet;
- (b) strategiese nasionale beleidsoogmerke, -beginsels of -prioriteite, met inbegrip van voedselsekureit, internasionale verhoudings en samewerking, verdediging en ekonomiese eenheid; of
- (c) grondgebruik vir 'n doel wat binne die funksionele gebied van die nasionale 30 regeringsfeer val.

(2) 'n Grondontwikkelingsaansoek moet na die Minister verwys word waar die 35 uitslag van die aansoek—

- (a) nadelig vir die ekonomiese, gesondheids- of veiligheidsbelange van een of 35 meer provinsie of die Republiek in die geheel kan wees; of
- (b) die doeltreffende verrigting van die werksaamhede deur een of meer 35 munisipaliteite of provinsies betreffende aangeleenthede binne hul funksionele gebied van wetgewende bevoegdheid kan belemmer.

(3) Waar 'n aansoeker meen dat sy of haar aansoek waarskynlik nasionale belang sal 40 raak, moet hy of sy 'n afskrif van daardie aansoek aan die Minister voorlê.

(4) Ondanks subartikel (1) of (2), moet 'n Munisipale Beplanningstribunaal by wie 'n 40 aansoek wat die nasionale belang raak ingedien word, die Minister inlig en hom of haar van 'n afskrif daarvan voorsien.

(5) Die Minister, binne 21 dae van ontvangs van 'n aansoek ingevolge enige van 45 subartikels (2), (3) of (4) na hom verwys en binne 'n redelike tydperk nadat hy of sy bewus geword het van 'n grondontwikkelingsaansoek wat nasionale belang raak—

- (a) kan as 'n party aansluit in sodanige aansoek; of
- (b) kan gelas dat sodanige aansoek na hom of haar verwys word om oor te beslis.

(6) Die Minister moet, voor die uitoefening van 'n bevoegdheid of die uitvoering van 50 'n werksaamheid in hierdie artikel beoog en na openbare raadpleging, 'n stel maatstawwe voorskryf om die inwerkingstelling van hierdie artikel te lei, met inbegrip van—

- (a) die tipes, skaal en aard van grondontwikkelingsaansoeke wat die nasionale 55 belang raak; en
- (b) maatreëls om Munisipale Beplanningstribunale, munisipaliteite en partye tot grondontwikkelingsaansoeke te rig in die bepaling van aansoeke wat gereeld ingevolge hierdie artikel gereël word.

(7) Niks in hierdie artikel magtig die indiening of verwysing van 'n aansoek om 60 grondgebruik of grondontwikkeling na die Minister sonder dat die aansoek eers ingevolge artikel 33(1) deur die betrokke munisipaliteit ingedien en oorweeg is nie.

CHAPTER 7

